



# CFA-INSTITUUT VERKLARING VAN BELEGGERSGEGTE

Die CFA-Instituut se "Verklaring van Beleggersregte" is ontwikkel om verbruikers bewus te maak van die gedragstandaarde wat hulle van verskaffers van finansiële dienste behoort te verwag. Dié regte vind oorsprong in die basiese beginsels van etiek – van kritiese belang vir die handhawing van vertroue in enige professionele verhouding. Die lys van regte het strekking oor finansiële produkte en dienste soos navorsing vir beleggingsbestuur, navorsing en advies, persoonlike banksake, versekering en vaste eiendom. Sodra jy beleggings beplan of in konsultasie tree met 'n makelaar, 'n bankrekening oopmaak of 'n huis koop, word die Verklaring van Beleggersregte die instrument wat jou help om die inligting te kry wat jy soek, en om die diens te ontvang waarop jy geregtig is en kan staatmaak. **Jou aandrag dat finansiële praktisyns hierdie regte handhaaf, versterk jou vertroue in die persoon of firma waarmee jy werk, en dra by tot die herstel van wedersydse vertroue, respek en integriteit in die finansiële bedryf.**

## TYDENS DIE AANNEEM VAN DIENSTE WAT VOORSIEN WORD DEUR PROFESSIONELE FINANSIËLE PRAKTISYNS EN INSTANSIES, IS EK GEREGTIG OP...

1. Eerlike, bevoegde, en etiese gedrag wat aan die toepaslike wetgewing voldoen.
2. Selfstandige en onpartydige aanbevelings en ondersteuning gebaseer op oorwoë ontleding, omsigtige oordeel, en bewuste toewyding.
3. My finansiële belange geniet voorrang bo dié van die finansiële raadgewer en die instansie.
4. Billike behandeling met betrekking tot ander kliënte.
5. Die openbaarmaking van enige bestaande of potensiele konflik van belange in die voorsiening van produkte of dienste aan my.
6. 'n Begrip van my omstandighede, sodat enige aanbevelings vir my geskik is en op my finansiële doelwitte en beperkinge geskoei is.
7. Duidelike, akkurate, volledige en stipte kommunikasie wat eenvoudige taal gebruik en aangebied word in 'n formaat wat die informasie doeltreffend oordra.
8. 'n Uiteensetting van alle fooie en kostes vir my rekening, en verklarende inligting wat bewys dat dié uitgawes billik en redelik is.
9. Vertroulikheid van my informasie.
10. Toepaslike en volledige rekords ter ondersteuning van die werk wat namens my verrig is.

Visit [cfainstitute.org/futurefinance](http://cfainstitute.org/futurefinance)